REDAKSIONEEL

1 Skrif en Kerk het sy eerste wankelende tree gegee. In hierdie uitgawe word daar ook gepoog om die akademiese en kerklike gesprek voort te sit. Hier kom 'n hele aantal sake aan die orde waaroor daar sekerlik meer as een mening bestaan; Die metodologie van eksegese staan in die brandpunt van die diskussie. 'n Mens sou inderdaad kon sê: Soveel hoofde soveel sinne. Twee artikels belig die saak van verskillende kante. Die verhouding tussen die drie Afrikaanse Kerke is ook 'n saak wat ons aandag vra en 'n uitdaging aan ons bied. Dit kan ook nie ontken word nie dat die situasie-etiek in die besondere tyd waarin ons lewe regmatige aandag behoort te geniet.

2 Personalia: Ons is bevoorreg om prof. C.J. Wethmar, voorheen van Durban-Westville, as mede-professor in die Departement Dogmatiek en Christelike-Etiek te verwelkom. Prof. Wethmar is 'n produk van die Universiteit van Stellenbosch en promoveer in 1977 aan die Vrije Universiteit van Amsterdam onder leiding van prof. G.C. Berkhouwer met 'n proefskrif getitel "Dogma en Verstaanshorison".

Die Instituut vir Sendingwetenskaplike Navorsing (ISWEN) wat reeds verlede jaar met sy werksaamhede begin het met dr. J. Cronjé as Direkteur, het vanjaar nog 'n navorser bygekry in die persoon van dr. J.J. Kritzinger. Dr. Kritzinger was voorheen predikant van die N.G.K.A. op Maandagshoek.

Ons verwelkom die kollegas en wens hulle 'n lang en vrugbare verblyf aan die Fakulteit toe.

W.S.P.